Mei 2021

# Stellenberger

## Dit is weer Pinkstertyd in Stellenberg!

Deur: Ds. Why Duvenhage



**Ja, inderdaad! Een van die groot hoogtepunte op ons kerkprogram elke jaar, is ons Pinksterbyeenkomste. Dit is 'n tyd van stilword, terwyl ons nadink oor die groot en belangrike rol wat die Heilige Gees in ons eie lewens, en in ons gemeente se bediening speel. Ons ervaar dan opnuut hoe die Gees, wat met Pinkster uitgestort is, ons besiel en saamsnoer om God met krag en entoesiasme te kan dien! Dit is 'n tyd vir geestelike voorraadopname, belewing en herlewing en gebed!**

Ons wil graag hierdie jaar, anders as verlede jaar, weer fisies bymekaarkom tydens hierdie geleenthede. Indien die situasie rakende die Covid-19-inperkingmaatreëls verander, sal ons julle betyds daaroor inlig. Die Pinksterdienste sal ook direk uitgesaai word, sodat lidmate ook aanlyn kan inskakel. Ons hoop ook om weer heerlike sop na afloop van die diens te bedien. 'n Kinderpinkster word vanaf 16 tot 20 Mei om 19:00 in die kleinsaal aangebied en die Jeugpinkster sal op dieselfde tyd en datums in die grootsaal aangebied word. Vir diegene wat om praktiese redes verkies om die dienste soggens by te woon, word 'n Oggendpinksterreeks vanaf 17 tot 19 Mei om 10:00 in die kerk aangebied.

Bid asseblief vir Pinkster 2021. Bid dat God, deur sy Heilige Gees, ons op 'n besondere manier sal besoek, sal bedien en van krag voorsien.

Ek het die voorreg om hierdie jaar die Pinksterreeks te lei. Na 'n lang worsteling en gebed, het ek besluit op 'n tema wat sentraal gestaan het in Jesus se bediening, asook in die gebed wat Hy vir ons geleer het. Dis 'n tema wat veral in hierdie uitdagende tyd waarin ons lewe, die versugting van ons hart is:

"LAAT U KONINKRYK KOM"

Vervolg op bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

Ons sal poog om op 'n opwindende reis, binne hierdie ruimte wat Jesus sy koninkryk noem, te gaan. Ons wil dan ook tydens hierdie reis by 'n paar sogenaamde stasies vertoef, wat Hy hoofsaaklik in die bergrede – die manifes of magnus opus van Jesus se leer oor die koninkryk van God – met ons deel.

Ek verstrek kortliks die onderskeie onderwerpe vir die verskillende dienste. (Dit mag dalk nog effens verander, soos ek verder voorberei) Let ook asseblief op die tye:

**Aandprogram | Prediker Ds. Why Duvenhage**

**Laat u koninkryk kom**

Sondagaand 16 Mei 19:00
'n Vreemde koninkryk aangekondig. (Matt. 12:4-17)

Maandagaand 17 Mei 19:00
Die koninkryk breek aan op 'n vreemde/onwaarskynlike plek, met 'n vreemde/onwaarskynlike koning en medewerkers. (Matt. 4:18-22)

Dinsdagaand 18 Mei
Die bergrede van Jesus – die manifes van hierdie koninkryk en paradoksale geluk. (Matt. 5:1-12)

Woensdagaand 19 Mei 19:00
Vreemdes wat die wêreld beïnvloed! (Matt. 5:13-16)

Donderdagaand 20 Mei 19:00
Die vreemde, maar kommervrye lewe wanneer God se koninkryk die prioriteit in jou lewe is. (Matt. 6:25-34)

Sondagoggend 23 Mei 08:30 Pinksterfees
Die Heilige Gees in die koninkryk en kerk. (Handelinge 1:1-8)

**Oggendprogram | Prediker Mike van Deventer**

Die Heilige Gees maak nuut.
Matteus 5-7 (Die Bergrede)

- Maandag 17 Mei 10:00 | Christene is ánders.
- Dinsdag 18 Mei 10:00 | Christene onderhou die Wet vir ander redes.
- Woensdag 19 Mei 10:00 | Christene se plek in die wêreld.

**Kinderpinkster | Brenda Visser**
16 tot 20 Mei 19:00 in die kleinsaal




**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# ’n Lewe deur die Here gerig – Bernie sê koebaai

**Lidmate wat die kerkterrein of -kantoor gereeld besoek, het waarskynlik al met Bernie van Wyk, terreinwerker, kennis gemaak. Die lang, skraal man met die gemaklike glimlag, sagte oë en lekker welige snor is sedert 2006 werklik almal op die terrein en in die kantoor se linker- en regterhand. Of dit nou die basaar, feesmark, ’n begrafnis, of voorbereiding vir die nagmaal is – Bernie van Wyk weet waar alles is en kan sy hand op enige iets wat soek is, lê, maar vanjaar het hy sy 65ste verjaarsdag gevier en moet noodgedwonge die tuig neerlê.**




Bernie vertel dat hy in Maitland grootgeword het. Sy ma het solank as wat hy kan onthou, altyd spyseniering gedoen. Dit is dan ook by haar wat hy ’n passie vir kos maak ontwikkel het en sy droom was altyd om sy eie restaurant oop te maak. Met dié droom en passie in gedagte het hy na standerd ag by die Pentech College aangesluit, waar hy begin het om hom as ’n sjef te kwalifiseer.

“Ek het ’n plekkie in gedagte gehad waar ek my restaurant wou oopmaak,” sê Bernie. “Toe kry ek ’n geleentheid om op ’n passasierskip te werk waar ek vir die ontbytbediening verantwoordelik sou wees. Ek sou vir ses tot nege maande aaneenlopend op die boot wees. ’n Sameloop van omstandighede het tot gevolg gehad dat ek uiteindelik nie die werk op die bote aanvaar het nie en enkele maande daarna is my pa oorlede. Toe moet ek inspring en ’n werk kry om my ma te help onderhou. Dis toe dat ek by die poskantoor in Durbanville begin werk het, waar ek vir 30 jaar gewerk het.”

Vir bitterheid en woede oor verspeelde geleenthede en die opsyskuif van drome is daar geen ruimte in Bernie van Wyk se lewe nie. “Nee,” sê Bernie, “die Here het my lewenspad bepaal. Indien ek op die skip gewerk het, sou ek nie die geleentheid gehad het om my pa voor sy afsterwe te groet nie en sou ek ook nie my ma in daardie moeilike tyd kon bystaan nie. Dit was die Here se wil dat ek nie op die boot gaan werk het nie.

“Ek en Iris, my vrou, met wie ek op 21-jarige ouderdom getrou het, het toe maar begin om oor naweke en in ons vrye tyd spyseniering te doen. Ons het breyani, roti’s en kerrie en al die ander bekende Kaap-Maleise disse vir funksies gemaak.”

. . . vervolg op bladsy 4

. . . vervolg vanaf bladsy 3

Bernie vertel dat dit glad nie vir hom moelik was om afskeid te neem van sy werk by die poskantoor nie. Net na hy klaargemaak het by die poskantoor, het hy deur ’n meisie wat deur sy ma grootgemaak is, van die werk by die kerk gehoor.

“Die Maandagoggend het ek toe maar ’n draai by die kerk gaan maak en by die destydse koster, Nettie Scholtz, aangemeld. Ek het sommer dieselfde dag ingeval en nooit weer uitgeval nie,” vertel Bernie laggend. “Ek onthou die eerste dag toe ek by die kerk ingestap het, het die woorde teen die muur, ons reik uit oor alle grense, my diep getref. Dit was die eerste keer in my lewe wat ek sulke woorde, of so ’n visie gesien het.

“Dit is vir my baie moeilik om klaar te maak by Stellenberg-gemeente. Ek moet aftree, maar ek gaan die mense van die gemeente verskriklik mis. Die mense van die oefengroep, die Bybelstudiegroepe, die koskokers, die rolbalspelers, die VatVyf-groep, die kospakkers en veral die kantoorpersoneel – elke een. Die uitreike jaarliks was altyd vir my ’n hoogtepunt en ek het so gehoop dat ek net nog een uitreik voor my aftrede kon meemaak, maar Covid-19 het toe al die planne deurmekaargekrap.”

Bernie het die kantoorpersoneel gereeld op ’n spesiale verjaarsdag, of funksie met sy tuisgemaakte disse trakteer. Hy verkneukel hom wanneer hy vertel hoe ds. Bremer Gericke altyd ’n draaitjie by hom in die kombuis gemaak het wanneer hy weet daar word breyani voorberei. “Dan sê Dominee vir my: ‘Jong, ou Bernie, is daar nie solank ’n proeseltjie nie? Gee maar net so ’n klein skeppie in ’n kleinbordjie. Ek wil nie baie eet nie, want Erna maak ook middagete.’ Dan eet Dominee so eenkant die kleinbordjie leeg,” vertel Bernie terwyl die genoegdoening uit hom straal, “en dan lag Dominee en sê: ‘Jinne ou Bernie, dit lyk my die kleinbordjie is bietjie te min. Het jy ’n groot bord daar vir my?’”

Die dood van sy lewensmaat en sielsgenoot in Desember 2018 was en is steeds vir hom ’n groot verlies. “Ons was 41 jaar getroud – ek en Iris. Ek hou my besig daar by die huis sodat ek nie te veel dink nie, maar dan soms wanneer ek alleen is en dit raak stil om my, dan tref dit ’n mens – die alleenheid en die gemis. Ek kan nog nie in my en Iris se bed slaap nie. Ek lê nog so bo-op die beddegoed en gooi net ’n kombers oor my. Ek kan net nog nie in die bed inklim nie. Een en veertig jaar was net te lank,” sê Bernie, “ek kan nog nie vergeet nie.”

Oor die afgetrede lewe is Bernie maar baie onseker. “Ek lê baie wakker in die nag. Dan bid ek en vra dat die Here vir my ’n nuwe plan sal stuur. Ek moet iets nuuts vind om my besig en aan die gang te hou en ek glo die Here sal my op ’n nuwe pad lei. Ek het besluit om ’n paar gaspotte te koop en ’n vrieskas en wil weer begin kook soos ek en Iris altyd gedoen het. Ek wil roti’s, breyani en kerrie maak en dit dan verkoop. Ek sal bestellings neem, die geregte voorberei en aflewer. Stellenbergers kan ook bestel, sê Bernie laggend. Ek sal dit kom aflewer.”

*Die kantoorpersoneel en leraarspan gaan Bernie voorwaar baie mis. Die grappies, geselsies oor die naweek se rugbywedstryde, die breyani met die tamatie-en-ui-sambal en dan bowenal Bernie se gesindheid, geloof, opregtheid en sy liefde vir mense, wat vir elkeen van ons ’n voorbeeld was. Ons bid saam met jou vir ’n nuwe plan, Bernie. Kom kuier gereeld. Red.*

# Ontmoet die Van Zyl-droomspan

**Die Van Zyl-gesin is Sondag na Sondag al vroeg soggens aan die werskaf op die kerkterrein om seker te maak dat die gemeente se bedrywighede elke Sondag vlot verloop. Ma Susan is die koster en saam met haar beman Charlene, haar dogter, elke Sondag die teetuin en voor die Covid-19-pandemie was Charlene ook een van die gasvrouens by die kafeteria. Ruan en Charl, die twee broers, los mekaar Sondae as baristas agter die cappuccino-masjien af. Stellenberger het by die klomp flukse Van Zyls wat 'n uitsonderlike voorbeeld van samewerking en spanwerk stel, gaan inloer.**



Susan vertel dat sy in 1995 as afloskoster by die gemeente begin het en later as die voltydse Sondagkoster aangestel is. Die Van Zyls is Sondae vanaf 07:15 doenig op die kerkterrein. "Ons begin met die oopsluit en oopmaak van deure en vensters," sê Susan. "Ons skakel die ligte en *urns* vir kookwater aan en maak seker dat daar vir die prediker 'n glasie water op die kansel is. Geldsakke en bulletins word uitgesit en dan is daar nog so 110 ander klein goedjies wat aandag kry voor die erediens begin. Hier rondom 12:00, afhangend hoeveel dienste daar is en hoe lekker die mense vroeër dae in die kafeteria gekuier het, gaan ons eers weer huis toe net om weer vanaf 17:00 tot 18:00 in te klok en dieselfde take vir die aanddiens te verrig."

"Party oggende kan dinge lekker skeef- en deurmekaarloop," vertel Susan, "maar ons maak altyd 'n plan. Die oggend toe die bel van die kerkklok deur die dak grond toe geval het, was 'n oggend wat ek egter nie sommer sal vergeet nie."

Susan is vanaf Maandae tot Vrydae 'n spysenier by Laerskool Eversdal se nasorgsentrum. "Daar hanteer ek al die beplanning en voorbereiding van maaltye. Charlene is 'n stoelassistent by die Intercare mediese-sentrum, naby Tygervalleisentrum. Charl is 'n uitvoerkontroleerder by 'n maatskappy wat wyn uitvoer en Ruan maak gemmerbier, limonade en koeldrankstrope wat hy aan restaurante en winkels verskaf."

In die Van Zyls se huishouding is afdae of ledige uurtjies maar skaars, maar indien daar wel 'n blaaskans is, geniet hulle dit om saam te braai, of om saam met familie by die see te kuier. "Die algehele inperking in 2020 het aan ons die luuksheid gebied om op 'n Sondag rustig saam na 'n erediens te kyk," sê Susan. "Die tyd wat ons gehad het om in die huis en tuin te spandeer, was lekker en vir ons 'n groot bederf."

Saam met al die hooi wat die Van Zyls reeds op hul vurk het met hul voltydse beroepe en hulle verantwoordelikhede op Sondae by die kerk, bak hulle boonop jaarliks vrugtekoeke wat op die gemeente se feesmark en ander Kersmarkte verkoop word.

Vervolg op bladsy 6 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 5

Susan se vrugtekoek is 'n gunstelingverkoper by die feesmark en onder normale omstandighede bak hulle jaarliks ongeveer 3 000 mediumgrootte vrugtekoeke en 6 000 kleintjies. Selfs in 2020 toe die kleiner opskietwinkel aangebied is, het die Van Zyls nie 'n vreeslike insinking in die verkope van hulle vrugtekoeke beleef nie.

Die sukses van die vrugtekoeke is gebaseer op die geoliede produksieketting en spanwerk in die huis. "Ons begin teen 20 September met die bakwerk, maar ander voorbereiding word deurlopend deur die jaar gedoen," verduidelik Susan. "Elkeen in die gesin het 'n spesifieke taak: Ruan moet die bestanddele afmeet en die vrugtemengsel kook. Ek en Charl doen die finale meng- en bakwerk en Charlene moet in daardie besige tyd die huishouding bedryf. Sy moet sorg dat kosaankope gedoen word en maaltye voorberei word. My twee skoonsusters kom help met die verpakking van die vrugtekoeke."

Enige iemand wat die Van Zyls ken sal nie oor hulle vermoë om lekker kos te maak stry nie en die gesin het eenparig besluit dat hulle gunstelingmaaltyd een van Charlene se baie lekker pastadisse is. Tweede op hulle lys van gunstling-maaltye is 'n lekker braaivleisete wat deur Charl of Ruan voorberei word.

Susan lag maar net as ons vra hoe 'n mens te werk moet gaan om sulke flukse kinders groot te maak. "Nee, ek het nie 'n wenresep nie," sê sy "maar in so 'n besige huishouding soos ons s'n moet almal help. Ek is net dankbaar dat ek danksy my ondersteunende gesin my werk by die nasorgsentrum en die kerk kan behartig en boonop nog die vrugtekoeke gebak kry."

Na 'n kykie in die vlytige gesin se lewens, wil 'n mens amper sover gaan om Spreuke 6:6 aan te pas na: *Gaan kyk na die Van Zyls in Lynneslot, Rosendal, luiaard, kyk hoe hulle werk, en leer by hulle.*

# Twee nuwe spanlede





Ons verwelkom vir Marlise du Toit (foto links) as die nuwe finansiële bestuurder van die gemeente. Marlise het voorheen die finansiële bestuur van 'n ingenieursfirma behartig en is sedert Aprilmaand voltyds in diens van die gemeente. Sy en haar gesin woon in Vredekloof.

Karen Visagie (foto regs) is moontlik vir heelwat lidmate 'n bekende gesig. Sy en haar man, Poena, was voorheen betrokke by die aanbieding van die basaar en veral die Vosburg Karookuier. Karen is aangestel as die nuwe geleentheidskoördineerder van die gemeente en is voortaan verantwoordelik vir die reël van die feesmark asook ander gemeentefunksies.

# Sal ons ou kollegas ooit vergeet . . .




Op Woensdag 21 April het ons van nie minder nie as vier kollegas afskeid geneem. Bernie van Wyk, Marilize Verreynne (links) en Marguerite Bester (middel) het aftreeouderdom bereik en moes die tuig neerlê. Adri du Randt (regs) het besluit om haar take as feesmarkorganiseerder vir die van dagmoeder te verruil. Sedert die begin van die jaar behartig sy die versorging van haar kleinkinders. Ons wens elkeen van julle baie seën en voorspoed in die nuwe lewensfases toe.

# Die potte prut in die omgeekombuis



Ons getroue span in die Omgeekombuis is van links: Anette Palm, Elsabé Gailey, Elaine van den Heever, Petro Marais, Marina Fourie en Christine Morsbach. Die span kook weekliks etes vir Magdalena-Huis in Boston, Bellville, asook vir die JAM-span by die Apostelbattery-kampterrein.

# Erna – ’n vriendin, ’n geskenk

Deur: Riëtte Breytenbach

**My en Marius se eerste ontmoeting met Bremer en Erna was in 2004 op Kleinmond. Dit was ons eerste gemeente en ons het pas gehoor die standplaasruiling van predikante tussen Stellenberg, Kleinmond en die Paarl is goedgekeur deur die verskillende kerkrade – ons trek dus Stellenberg toe. Bremer en Erna het kom aanklop om solank welkom te sê in Stellenberg. Soos ons mekaar uitvra oor belangstellings, kinders en dies meer, verklaar Bremer: “Erna is ’n érnstige stapper.”**



My tweede ontmoeting met Erna was in Junie 2004, toe ons tydelik intrek in Mauritiussingel. Met haar bloedrooi, noupassende koordferweeljassie en gekleurde streepsokkies, gee sy ’n kleurvolle bossie blomme aan my: “Mag jou tyd in Stellenberg so kleurvol soos dié bossie blomme wees”. Ek vra uit oor die jassie. “Ag, sommer self gemaak . . .” (Erna, die KREATIEWE SKEPPER)

Ons derde samekoms was by hulle huis rondom ’n heerlike pastaslaai. Ek vra uit oor die resep en laggend sê Erna sy doen maar haar eie ding van ’n bestaande resep. “Dit kom nooit dieselfde uit nie.” (Erna, die VINDINGRYKE KOK).

Ons wegspring in Stellenberg was met Bremer en Erna as bure – hulle in Woltemadestraat en ons aan die oorkant in Mauritiussingel. In 2005 trek ons Jasmynstraat toe en groot is die vreugde toe hulle in 2006 weer eens bure raak na Koosie Delport se aftrede.

Soos mense kom en gaan in die boek van ons lewens, is sommige dalk deel van ’n hoofstuk of twee; sommige is slegs ’n verwysing in ’n voetnota of ’n nommer in die inhoudsopgawe en sommige gaan ’n plekkie naby die slot in jou boek kry.

Hoofkarakters is ’n ander storie. Hulle is deurgaans daar. Betrokke. Essensieel om aan die storielyn inhoud, betekenis en karakter te gee. Saam te lag en saam te huil; saam opgewonde te raak en saam bekommerd te wees; saam planne maak of opinies uit deel; saam dinge te deel wat kosbaar is; saam die lewe bevraagteken of uitdaag. Hoofkarakters is in jou storielyn verweef. Dis om saam-saam die pad te loop met al die onverwagse, skerp draaie, hindernisse en T-aansluitings.

Soos ek luister na vriendinne om my, vra ek eendag vir Erna: “Hoe was menopause vir jou?” “Ag nee wat,” sê sy, “ek het my glad nie daaraan gesteur nie!” Dit was so tipies van haar menswees. Tekkies aangetrek en enige hindernis of bekommernis uitgestap uit haar sisteem.

In die nagtelike ure van 22 Maart skrik ek net voor 03:00 wakker, met ’n beklemming om my hart. Bid vir my kinders en rol rond. Ek gaan maak later tee en wag dat hierdie vreemde, onrustige gevoel moet weggaan. Erna se sterfdag.

Vervolg op bladsy 9 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 8

Ons stories moet nou aangaan sonder haar, maar Erna is die tipe hoofkarakter wat sal voortleef tot die laaste sin in my lewensboek. Haar menswees los 'n ewigheidswaarde. Dis nie beperk tot die hede en nou nie.

Amanda Strydom sing in haar Pelgrimsgebed:

"Alle pelgrims keer weer huis toe
Elke swerwer kom weer tuis
Ek verdwaal steeds op die grootpad
Soekend na u boardinghuis.

Ons vriendin is na haar ewige tuiste. Nie soekend. Nie dwalend.

Ons stap nou aan, asof verdwaal, maar soos ons sonder haar op die grootpad van die lewe gaan verlang, sal ons haar stem en lag hoor en sal sy rigting aangee in ons gees.

Wat 'n voorreg dat sy deel was en deel sal bly van ons lewe.

# 2022: 'n Nuwe fase vir Stellenberg-gemeente

Deur: Ds. Marius Breytenbach

In Augustus 2021 vier ons Stellenberg-gemeente se 50ste verjaarsdag. In die loop van die halfeeu het die gemeente die voorreg gehad om deur 'n verskeidenheid predikante en hulle gesinne bedien te word. Met die aanvang van 2022 betree Stellenberg 'n nuwe era wanneer twee van ons predikante, di. Callie Visagie en Why Duvenhage beide aftree. Callie Visagie sal teen einde Januarie 2022 die gemeente se diens verlaat en Why Duvenhage se uittrede volg teen die einde van Julie 2022.

Om te verseker dat die oorgangsproses rakende die vakatures glad verloop, het die kerkraad en strategiekommissie reeds in 2020 met beplanning daarvoor begin. Die veranderde omgewing wat die Covid-19-pandemie geskep het, en die invloed wat dit op die gemeente as werksomgewing het, is ook in ag geneem. Daar word beoog om Callie Visagie se pos as voltydse leraar teen Februarie 2022 te vul. Die proses om 'n nuwe leraar vir dié pos te beroep, het reeds begin en 'n advertensie daarvoor is aan die begin van Mei in die Kerkbode geplaas. Gemeentelede is ook welkom om kandidate te nomineer. Stuur nominasies na Lindy van Wyk de Vries by lindy@stellenberg.co.za.

Die vakature wat met Why Duvenhage se aftrede gelaat word, gaan nie gevul word nie. Ons is in 'n bevoorregte posisie om 'n aantal predikante op die kerkraad te hê wat in diens van die Sinode Wes-Kaapland staan en dus aan die gemeente gekoppel is. Verder huisves die gemeente ook 'n tentmakerspos. Met inagname van die veranderde realiteite, maar ook die nuwe moontlikhede wat uit die Covid-19-pandemie voortgevloei het, het die kerkraad besluit dat die bestaande werklading deur die effens verkleinde predikantespan behartig sal kan word.

Callie Visagie en Why Duvenhage het albei tydens hulle bedieningstyd diep spore in die gemeente getrap. Ons is baie dankbaar vir die waarde wat hulle as individue en leraars tot die gemeente se werksaamhede toegevoeg het. Ons vertrou ook dat die Here, soos in die afgelope 50 jaar, met die aanstelling van 'n nuwe leraar die gemeente in 2022 op 'n nuwe pad sal lei en ons by nuwe geleenthede sal uitbring.

# Stellenberg verbind om medewerkers te ondersteun

Deur: Ds. Why Duvenhage

Jesus se opdrag is duidelik! Sy dissipels en kerk moet sy boodskap oor die hele wêreld heen uitdra. Die sogenaamde wêreld begin hier by ons en om ons, maar strek ook verder sodat ons ander en andersters, met die blye evangelieboodskap kan beïnvloed. Dit is immers een van die kerk en ook gemeentes se belangrikste bestaansredes. Daarom identifiseer Jesus sy volgelinge – diegene wat burgerskap in die koninkryk van God verkry het – as sout vir die aarde en die lig vir die wêreld. Hoe moet die opdrag aangepak word? Deur die liefde van God op enige manier sigbaar en tasbaar te reflekteer.

Stellenberg-gemeente was nog altyd tot hierdie taak of opdrag verbind. Ons gemeente se missie is dan ook om uit te reik oor alle grense heen en vir dekades reeds word dit deur omgeeprojekte en ander vorme van naastediens, soos uitreike, toegepas.

Die wonderlikste geleentheid wat ons as gemeente in die evangelisasie-proses het, is ons verbintenis aan persone wat hierdie werk voltyds doen – sendelinge, evangeliste en mense wat daagliks broodnodige naastediens verrig. Oor die afgelope jare heen het die gemeente en lidmate hulself verbind om 'n sekere groep van hierdie medewerkers deur gebed, vriendskap en ook met finansiële bydraes te ondersteun. Die meeste van die medewerkers vir wie ons ondersteun, het direkte verbintenisse met Stellenberg-gemeente. Hulle is of was byvoorbeeld lidmate van die gemeente, of gemeentekinders wat hier grootgeword het.

Die gemeente se geloofsoffers bied aan lidmate die geleentheid om finansiële bydraes ter ondersteuning van die gemeente se medewerkers te maak. Die kerkraad dra self ook mildelik tot dié bediening by. Ongelukkig is die geloofsofferfonds, as gevolg van verskeie redes, tans onder geweldige druk en dit het vir ons byna onmoontlik geraak om die groepie medewerkers aan wie ons verbind is, hoegenaamd te ondersteun. In die lig van die huidige nood doen ons 'n beroep op alle Stellenbergers om vir dié bediening te bid en dit te oorweeg om 'n bydrae tot die geloofsofferfonds te maak.

As 'n gemeente is ons bevoorreg en het ons het dus 'n Godgegewe verantwoordelikheid om die Here se werk na buite te ondersteun. Tydens Pinkster sal ons die groep medewerkers deur middel van kort video-insetsels aan die gemeente voorstel.

Hier verstrek ons solank kortliks inligting oor die groep medewerkers wat onder Stellenberg se vlerk geneem word:

Vervolg op bladsy 11 . . .



**Christo & Deleste Wooding:**
**Sendelinge in Kokstad, Transkei**

Christo was sy hele bediening as predikant (hy tree volgende jaar af) 'n sendeling in die Transkei. Dit was ook hy wat Stellenbergers meer as 20 jaar gelede genooi het om betrokke te raak by uitreikwerk in die Transkei en verskeie projekte is saam met hom aangepak. Hy skryf soos volg oor die afgelope Paasnaweek:

*Dit was 'n groot vreugde om weer vanjaar die Paasfees te kon hou. Pasika is die grootste gebeurtenis in ons kerk en die afstel van verlede jaar se Paasfees was 'n groot teruslag vir ons lidmate. Ons het die Pasika op Waterloo-buitepos gehou, by ons nuwe kleuterskool. Al die Covid-19-maatreëls is ingestel en die gemeente het by die vereistes gehou. Met blydskap en dankbaarheid is Christus se dood en opstanding herdenk. Ons het ook weer met dienste in die gemeente begin en is tans besig om al die buiteposte te besoek. Baie dankie weer eens vir u gebede en ondersteuning.*

Op die foto staan Christo Wooding (links) en een van sy lidmate.

**Jurie en Magdaleen Goosen:**
**Internasionale studentebediening**




Foto: Jurie Goosen (links), sy vrou, Magdaleen, (regs) saam met 'n internasionale student.

Jurie skryf onlangs:

*Baie dankie vir jul gemeente se betrokkenheid by die internasionale studentebediening op Stellenbosch. Ons waardeer julle as belangrike vennote in die uitbreiding van God se koninkryk.*

*Ek is bewus van die geweldige uitdagings wat die pandemie aan gemeentes en leraars in die tyd stel. Mag julle ook God se krag, voorsiening en wysheid in die uitdagende tye ervaar. Ons gebed is dat julle draers van God se hoop sal wees.*

*Stel jou voor daar is 'n stad met duisende inwoners tussen die ouderdomme van 30 en 40. Die inwoners kom van baie lande, kulture en van verskillende godsdienste.*

*Baie vreemdelinge in die stad het baie opofferings gemaak vir 'n beter opvoeding en toekoms. Hierdie stad word die Universiteit genoem en internasionale studente is die toekomstige leiers van lande. In 2020 was daar meer as 4 200 internasionale studente uit 110 lande op Stellenbosch-kampus.*

*'n Engelstalige erediens in die Khaya en Bybelstudie-byeenkomste bied 'n geestelike tuiste vir studente. 'n Groep bied ondersteuning aan die vroue van internasionale studente. Die ontwikkeling van leiers en dissipelskap is 'n belangrike prioriteit. Kampe, sosiale geleenthede en uitstappies word vir internasionale studente aangebied.*

Vervolg op bladsy 12 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 11

**Gerhard en Melanie Weich: YWAM: Muizenberg**



Foto: Gerhard en Melanie Weich saam met hulle kinders, Caleb, Benjamin en Safiya.

Gerhard was 'n gemeenteseun van Stellenberg. Sy pa, prof. Hellmuth Weich, was 'n bekende kardioloog in Tygerberg Hospitaal, waar hy ook die opleiding van studente aan die Universiteit Stellenbosch se mediese fakulteit behartig het. Gerhard staan al sy lewe lank in die bediening van God se koninkryk. Hy was eers in Egipte as sendeling werksaam en is die laaste aantal jare by YWAM (Youth with a mission) in Muizenberg werksaam.

Hy deel die volgende met lesers:

*Over the past six months, we have been increasingly approached by many former staff and students for spiritual input. In addition to providing oversight to our team, we spend many hours each week responding to voice messages, requests for input, prayer, and resources to help spiritual sons and daughters navigate the season and opportunities before them. Some of these are leading ministries in YWAM, others are serving with local churches or planting new churches. The Lord also prompted us to start a monthly collective to further encourage and invest into a broader group from all over the world as well. It has been so life-giving for us as a couple to see how the Lord is initiating this, blowing upon it and deepening heart connections between ministries and leaders with similar vision and DNA. It is nice to function in this way as spiritual grandparents, not carrying the day-to-day responsibilities for all these visions, but cheering on these leaders that we so believe in.*

**Carina van der Merwe**



Carina is ook 'n gemeentekind wat direk na haar matriekjaar 'n diensjaar by JAM gedoen het. Daarna het sy aan die Universiteit Vrystaat as 'n arbeidsterapeut gekwalifiseer. Haar roeping was egter altyd om voltyds vir die Here te werk en sodoende het sy by 'n sendinginisiatief in Douglas, Noord-Kaap, betrokke geraak. Na 'n geruime tyd van kinderevangelisasie in die Noord-Kaap het sy teruggekeer en voltyds by JAM aangesluit om saam met hulle die werk van die Here te doen. Sy is buiten haar werk in die Kaapse Skiereiland, ook betrokke in die Oos-Kaap by 'n nasorgbediening vir weeskinders, asook in Limpopo by die Mavhusa-kampterrein. Daar gee sy leiding aan betrokkens by die Dream Centre.



**Johan & Rita Bloemhof:**

**Franse Sending**

Ds. Johan Bloemhof en sy vrou, Rita, is ook al hul hele bedieningstyd voltydse sendelinge in Frankryk. Op die foto is hulle saam met hulle kinders en kleinkinders. Johan was 'n klasmaat van my tydens ons studentejare. Dit is vir ons 'n voorreg om ook by hul bediening daar betrokke te wees. Hy stuur onlangs die volgende:

Verrassend! In die Covid-19-tyd gebeur meer as wat ons ooit sou kon droom. Ons sien dit bv. op die eiland Korsika. Hierdie jaar was die eerste keer in agt jaar dat uitreikgroepe nie die eiland kon besoek nie. Deur die oop deur wat God vir ons geskep het, kon ongeveer 70% van die inwoners die Goeie Nuus oor die jare ontvang. En noudat ons vir 'n jaar ingegrendel was, gebeur daar meer as ooit tevore. 'n Nuwe gemeente ontstaan, die ander gemeentes groei. Meer as 200 mense, oor die eiland verspreid, luister gereeld na die Woordverkondiging via Facebook! Sien jy die hand van die Here daarin? Ons interaktiewe webwerf vir kinders brei vanaf dertien tale na negentien tale uit en dit bly groei. Ons is ook in die proses om tale soos Arabies, Turks, Albanies en Oekraïnies by te voeg. Daar was in Mei en Junie meer as 'n miljoen besoeke op die webwerwe in die verskillende tale en meer as 40 000 kinders wat aan die Bybelstudie-insetsels deelgeneem het. Alle eer aan God vir die moderne hulpmiddels om die groot opdrag van Wêreldsending te kan uitvoer.

**Gerhard en Mignon Duvenhage**




Gerhard en Mignon het beide in Stellenberg-gemeente grootgeword en was reeds as tieners baie betrokke by uitreike, kampe en verskeie ander jeugprojekte. Die Here het hulle geroep om 'n voltydse jeugsendinginisiatief te ontwikkel, wat as platform vir hulle werk onder veral jongmense in Afrika, sou dien. Hulle is dan ook die stigters van JAM (Jabulani African Ministries) wat reeds die afgelope 15 jaar op 'n besondere wyse aan Stellenberg-gemeente gekoppel is.

Hulle is voortdurend betrokke by die begeleiding van ons uitreikspanne en is deurgaans by verskeie leierskapinisiatiewe regoor Suid-Afrika en ander Suider-Afrikaanse-lande betrokke. Gerhard en Mignon is getroud en het twee dogtertjies, Kanya en Zandri en woon voltyds op Apostelbattery, Llandudno.

Vervolg op bladsy 14 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 13

**Christina Khaza**

Vra gerus vir verskeie van Stellenberg-gemeente se jongmense: "Wie is mamma Christina?" Hulle sal waarskynlik vinnig antwoord: "Dit is ons geliefde medewerker in die Transkei by Magwambu, naby Lusikisiki." Mamma Christina werk by 'n kleuterskool wat hoofsaaklik weeskinders akkommodeer. Stellenberg is al vir jare betrokke by hierdie projek, voorheen bekend as Projek Samuel. Sy is 'n geliefde medewerker en dien op die kerkraad van die Lusikisiki-gemeente en is jare lank al een van ons groot virende en medewerkers in die Transkei.

**Renold Abrahams**



Renold is werksaam by die niewinsgewinde gemeenskapsorganisasie, Shiloh. Hy lewer daagliks voedsel by klinieke en kleuterskole in gemeenskappe soos Wallacedene, Mfuleni en Macassar af. Verder doen hy berading en probeer mense van Scotsdene en Scotsville deur gebed en gesprekke bemoedig. Dié gebiede gaan gebuk onder bendegeweld.

Renold sê: "Die mense leef in vrees omdat dwelms hul plekke oorneem. Ons het die afgelope paar maande twee of drie jongmense weens bendegeweld verloor. Die tragedie is dat hulle koelbloedig doodgeskiet is – sommiges helder oordag.

"Aan die einde van die jaar neem ons van die jongmense op 'n uitstappie waar ons net die liefde van God aan hulle wil demonstreer."

# Die gemeentebediening bly vlugvoetig

Deur: Ds. Marius Breytenbach

**Net soos by ander instansies en besighede het die Covid-19-pandemie ook ons gemeente die afgelope jaar ingrypend geraak. Alhoewel dit 'n baie uitdagende tyd was en steeds is, het al die ervaringe van die afgelope jaar tog ook nuwe geleenthede vir ons geskep en veral opnuut insig rakende ons gemeentewaardes gebied: Om nader aan God en mekaar te leef, voortdurend te vernuwe en met 'n verskil in die wêreld te leef.**

Dit het nie net nuwe en innoverende idees na vore gebring nie, maar ons ook weer herinner aan die ou en basiese aspekte van ons gemeente se verantwoordelikheid. Deur telefoonoproepe het ons probeer om met almal op ons gemeente se databasis in kontak te bly en die verskillende aanlyn bedienings het geweldig toegeneem en uitgebrei. Ons is voortdurend uitgedaag om vlugvoetig te wees. Alhoewel ons nog onseker is oor wat die res van die jaar inhou, het ons wel 'n ritme geskep wat die voortsetting van bestaande gemeenteaktiwiteite moontlik gemaak het, terwyl ons ook nuwe bedienings, wat prakties nodig geraak het, kon skep en uitbou.

Wat ons eredienste betref, het ons nou 'n patroon gevestig waarin ons die diverse behoeftes van die hele gemeente probeer akkommodeer. Daar is elke Sondag (uitgesluit langnaweke en skoolvakansies) vier eredienste wat in die kerkgebou en kapel aangebied word en ook aanlyn uitgesaai word. Die fisiese bywoning van eredienste sal na gelang van die inperkingsmaatreëls aangepas word.



**Eredienste word soos volg aangebied:**

08:30 Oggenddiens in die kerk | 'n Informele diens met 'n toeganklike atmosfeer vir die hele gesin.

09:00 Meditatiewe diens in die kapel | Gebed, meditasie en geleentheid vir stilword.

09:30 Familiediens in die kerk | Meer toegespits op families met laerskoolkinders.

18:00 Relevantdiens in die kerk | Gerig op tieners, studente en jongwerkendes.

Tee en koffie word na die oggenddiens in die teetuin aangebied. Na die familiediens is ouers welkom om tee en koffie in die markplein te geniet, terwyl hulle vir kinders wat kategesegroepe bywoon, wag. Covid-19-protokol sal deurgaans geld.

Die beskikbaarheid van die saalkompleks maak dit nou vir ons moontlik om junior en senior kategese in die klein- en grootsaal aan te bied.

Ons is opreg dankbaar teenoor lidmate wat ten spyte van al die onsekerhede en veranderinge wat Covid-19 veroorsaak het, steeds bereid is om by die gemeente se veranderde bediening aan te pas. Stellenberg-gemeente en sy lidmate is mos bekend vir hul vlugvoetigheid, vars idees en aanpasbaarheid.

# Het Covid-19 ons kinders se luistervaardighede beïnvloed?

Deur: Jacolien Kruger*



Die meerderheid van ons is nou waarskynlik behoorlik moeg vir die woorde Covid-19-pandemie. Wanneer daar enige berig oor Covid-19 op 'n sosialemediaplatform verskyn, maak ek seker dat ek dit mis en beweeg doodluiters na 'n meer inspirerende prentjie, of kyk liewer na 'n video oor katjies. Die feit bly egter staan dat al vermy ons Covid-19-nuus sover moontlik, gaan die nagevolge van dié tydperk nog lank deel van ons en ons kinders se lewens wees.

Een so 'n gevolg is die impak wat die dra van maskers op ons kinders se luistervaardighede het, ofte wel, hul ouditiewe persepsie en prosessering. Voordat 'n mens egter kan verstaan wat die werklike effek ten gevolge is, moet die begrip ouditiewe prosessering eers verstaan word en hoe sodanige prosessering in grondslagfaseleerders se lewens verloop.

**Wat is ouditiewe prosessering?**

Dit is die brein se vemoë om ouditiewe seine (m.a.w. dit wat ek hoor) te verstaan en te interpreteer. Dit is 'n sambreelterm wat verskillende ouditiewe funksies, wat saamwerk om dan ouditiewe persepsie te vorm, omvat.

**Hierdie funksies sluit in:**

- Ouditiewe diskriminasie: Dit is die vermoë om ooreenkomste en verskille in klanke te hoor, bv. wanneer is die klank hard, sag, hoog, laag, ens. Dit help ons ook om die verskille in klanke te identifiseer, byvoorbeeld tussen kat en gat – is dit dieselfde? En kat en kat – is dit dieselfde?
- Sintese en Analise: Dit behels die vermoë om te begryp dat taal uit verskillende foneme (klanke) bestaan, wat ons moet saamvoeg om die woorde te vorm wat ons gebruik wanneer ons praat of skryf. Dit help kinders om te verstaan dat woorde uit individuele klanke bestaan. Voorbeelde van sintese: reën+boog = reënboog; k+a+t = kat. Analise: Klap van hande tussen lettergrepe.
- Ouditiewe voorgrond- en agtergrondpersepsie: Dit is die vermoë om klanke te isoleer in die teenwoordgheid van ander klanke. Voorbeeld van 'n vraag: Wat hoor jy buite? ('n Motor, hond, ens.) In situasies waar ons moet luister en konsentreer, is hierdie 'n belangrike vaardigheid.
- Ouditiewe sluiting: Dis om te luister tot aan die einde van 'n reeks klanke. Hierdie vaardigheid is uiters belangrik om lees en skryf suksesvol te kan bemeester.
- Ouditiewe geheue en herroeping: Dit is die vermoë om dit wat jy gehoor het te onthou, te herroep en die informasie te kan weergee aan ander. Voorbeeld: Die vertel of lees van stories aan kinders oefen dié vaardigheid.

Ouditiewe opeenvolging: Om dit wat ek gehoor het, presies in die regte volgorde te herroep en weer te gee, verg konsentrasie en oefening. Hierdie vaardigheid is uiters belangrik vir akademiese vordering in spelling en wiskunde.

Vervolg op bladsy 17 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 16

**Hoe beïnvloed Covid-19 en die dra van maskers ons kinders se ouditiewe prosessering?**

Ouditiewe prosessering word sterk beïnvloed deur wat kinders hoor en nie noodwendig wat hulle sien nie. Wanneer mense maskers dra, word die uitspraak van klanke oor die algemeen belemmer en is dit baie moeiliker vir kinders wat reeds sukkel met ouditiewe persepsie om te hoor wat 'n juffrou in 'n klassituasie sê. Volwassenes ervaar soortgelyke frustrasie wanneer inkopies in 'n winkel gedoen word, maar soveel te meer is die frustrasie in 'n klaskamer met 25 besige leerders. Maskers gaan nog etlike maande (dalk jare) met ons wees en daarom is dit belangrik dat ons kinders moet oplei om te luister, sonder visuele insette.

**Wat kan ek doen om my kind se ouditiewe persepsie te versterk?**

Kinders is smiddae na skool moeg gewerk, maar hulle is altyd gretig om te speel. Ons moet dus luistervaardighede speelsgewys aanpak. Hier is 'n paar wenke:

- Speel die ou bekende speletjie Simon says, maar gebruik 'n papierbord om jou mond weg te steek. Maak seker jou oë is steeds sigbaar.
- Knip 'n paar items uit 'n advertensieblad, bv. seep, brood, botter en lekkers. Plaas dit op die tafel voor jou kind. Maak 'n mannetjie uit 'n papboks. Knip slegs die mond van die mannetjie uit, groot genoeg vir die items om daarin te pas sodat die mannetjie gevoer kan word. Die doel is dat die kind eerstens moet luister watter van die items hy/sy gevra word om op te tel. Dan word getoets of hy/sy dit in die regte volgorde optel en laastens word bepaal hoeveel items hy/sy kan onthou. Sit langs jou kind om luister te vergemaklik en gee dan die opdrag deur te vra dat hy/sy vir die mannetjie byvoorbeeld 'n appel, botter, kaas en 'n lepel moet gee. 'n Sesjarige kind moet ten minste ses items in die korrekte volgorde onthou.
- Speel raai-raai-speletjies. Die volgende is 'n prettige speletjie vir 'n groepie. Pak 'n kussingsloop vol items. Gee elke kind 'n beurt om iets uit die sloop te haal sonder dat hulle sien wat uitgehaal word. Jy bied dan leidrade aan sodat hulle kan raai wat die item is sonder dat die item benoem word. Dié speletjie bevorder luistervaardighede en konsentrasie, asook woordeskat. 'n Voorbeeld is: Die dier gee melk, sy eet baie grassies en is meestal swart en wit.
- Skakel die radio in 'n vertrek aan en maak seker dit is nie te sag nie. Hou jou hand voor jou mond en maak dieregeluide. Vra jou kind om die geluide te identifiseer. Die speletjie leer hulle om onderskeid tussen voor- en agtergrondgeraas te tref.

'n Kind wat met wiskunde sukkel, wie se woordeskat nie op standaard is nie, lomp sinne bou, sukkel met die uitspraak van sekere klanke, of baie sukkel om die begin- en eindklanke in woorde te hoor en te spel, kan aanduidings wees dat die kind met ouditiewe prosessering sukkel en ouditiewe prosessering word ongelukkig negatief beïnvloed deur die dra van maskers.

Skakel ons gerus vir meer wenke, of 'n volledige assessering van jou kind se ouditiewe vaardighede. Ons kan ook gehoorsiftings doen om die moontlikheid van geringe gehoorverlies uit te skakel.

Covid-19 en die dra van maskers kan nie vermy word nie, maar ons kan wel die geleentheid benut om ons kinders te leer om te luister en die silwer randjie in alles te soek!

| Jacolien Kruger is 'n spraakterapeut verbonde aan die Stellenberg Ondersteuningsentrum.